

No. 16, 1941.]

ACT

To provide for the establishment of the South African Mint.

(Signed by the Governor-General in Afrikaans.)
(Assented to 7th April, 1941.)

BE IT ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows :—

Definitions.

1. In this Act, unless the context indicates otherwise,—
“director” means the Director of the South African Mint;
“Minister” means the Minister of Finance or any other Minister of State acting in his stead;
“the mint” means the South African Mint established by section *two*;
“Treasury” means the Minister of Finance or any officer in the Department of Finance authorized by him to perform the functions assigned to the Treasury in this Act.

Establishment of South African Mint.

2. As from the commencement of this Act there shall be established a mint, to be called the South African Mint.

Director of the South African Mint.

3. The mint shall be controlled by an officer called the Director of the South African Mint.

Appointment of staff.

4. The director and such other employees as the Minister deems necessary for the proper performance of the work of the mint shall be appointed by the Minister, subject to the laws governing the public service and to the provisions of this Act.

Work to be performed at the Mint.

5. (1) The director shall undertake the coining of coins to be issued for use in the Union, the coining of which is authorized by any law, and, if directed to do so by the Minister, the coining of coins to be issued for use in any other State, and shall do all such work, exercise all such powers and perform all such duties as the Minister may require him to do, exercise or perform, whether or not such work, powers or duties are connected with the coining of coins.

- (2) The cost of the services referred to in sub-section (1) shall be defrayed from moneys appropriated by Parliament for the purpose.

Moneys received to be paid into Consolidated Revenue Fund.

6. Subject to the provisions of sections *seven* and *eight* and of the regulations made under section *sixteen*, all moneys received at the Mint or in payment for services rendered at the mint shall be paid into the Consolidated Revenue Fund.

Payment to other Governments of share of profit on token coins coined for those Governments.

7. The Minister may pay direct to the Government of any State such portion of the profit derived from the coining at the mint of token coins issued therefrom for use in that State as may be agreed upon between him and that Government.

Continuation of Coinage Fund.

8. (1) The Coinage Fund established under section *two* of the Financial Adjustments Act, 1930 (Act No. 34 of 1930), shall be continued under the name of the Coinage Fund, which shall consist of the amount to the credit of the fund at the commencement of this Act, and the moneys paid into the fund in terms of sub-section (2).

- (2) There shall be paid into the Coinage Fund annually one-half of the profit derived from the coining at the mint of coins issued therefrom for use in the Union, and such portion of the profit derived from the coining at the mint of token coins issued therefrom for use in other States as is not paid to the Governments of those States in terms of section *seven*.

- (3) Notwithstanding the repeal by this Act of section *two* of the Financial Adjustments Act, 1930, all moneys that would have been paid into and all expenses and deficits that would have been defrayed from the Coinage Fund, if this Act had not been passed, shall, respectively, be paid into and defrayed from the fund.

- (4) The moneys in the Coinage Fund shall be applied to meet—

- (a) the expenses of re-coining of worn token coins issued by the mint or by the Pretoria Branch of the Royal Mint and of any token coins lawfully called in; and

No. 16, 1941.]

WET

Om voorsiening te maak vir die instelling van die Suid-Afrikaanse Munt.

(Deur die Goewerneur-generaal in Afrikaans geteken.)
(Goedgekeur op 7 April 1941.)

DIT WORD BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

1. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Wet—
 - „direkteur” die Direkteur van die Suid-Afrikaanse Munt;
 - „Minister” die Minister van Finansies of ’n ander Staatsminister wat namens hom optree;
 - „die munt” die Suid-Afrikaanse Munt ingestel deur artikel twee;
 - „Tesourie” die Minister van Finansies of ’n amptenaar in die Departement van Finansies wat deur hom gemagtig word om die werksaamhede te verrig wat in hierdie Wet aan die Tesourie opgedra word.
2. Vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet word daar ’n munt ingestel wat die Suid-Afrikaanse Munt heet. Woord-
omskrywing.
3. Die munt word bestuur deur ’n amptenaar wat die Direkteur van die Suid-Afrikaanse Munt heet. Instelling van
Suid-Afrikaanse
Munt.
4. Die direkteur en alle ander beamptes wat die Minister nodig ag om die werk van die munt behoorlik te verrig, word deur die Minister aangestel, maar met inagneming van die wetsbepalings wat die Staatsdiens reël, en van die bepalinge van hierdie Wet. Direkteur van die
Suid-Afrikaanse
Munt.
5. (1) Die direkteur onderneem die aanmunting van muntstukke wat bestem is om uitgegee te word vir gebruik in die Unie, en waarvan die aanmunting deur ’n wetsbepaling gemagtig word, en wanneer die Minister sulks gelas, die aanmunting van muntstukke wat bestem is om uitgegee te word vir gebruik in ’n ander Staat, en verrig alle werk, oefen alle bevoegdhede uit en voer alle pligte uit wat die Minister hom gelas om te verrig, uit te oefen of uit te voer, of die werk, bevoegdhede of pligte al dan nie in verband staan met die aanmunting van muntstukke. Aanstelling van
staf.
- (2) Die koste van die dienste in sub-artikel (1) vermeld, word bestry uit gelde wat die Parlement vir die doel beskikbaar stel. Werk wat by die
munt verrig word.
6. Met inagneming van die bepalinge van artikels *sewe* en *agt* en van die kragtens artikel *sestien* voorgeskrewe regulasies, word alle gelde wat by die munt of tot betaling van by die munt bewese dienste ontvang word, in die Gekonsolideerde Inkomstefonds gestort. Ontvange gelde
word in Gekon-
solideerde Inkom-
stefonds gestort.
7. Die Minister kan direk aan die Regering van ’n Staat, volgens ooreenkoms wat hy met daardie Regering mag aangaan, die ooreengekome deel betaal van die wins verkry uit die aanmunting by die munt van tekenmuntstukke wat vandaar vir gebruik in daardie Staat uitgegee is. Betaling aan
ander Regerings
van deel van wins
op teken-
muntstukke vir
dié Regerings
aangemunt.
8. (1) Die Muntfonds ingestel deur artikel twee van die Finansiële Reëlingswet, 1930 (Wet No. 34 van 1930), word voortgeset onder die naam die Muntfonds, wat bestaan uit die bedrag wat op krediet van die fonds staan by inwerkingtreding van hierdie Wet en die gelde wat in die fonds kragtens sub-artikel (2) gestort word. Instandblywing
van Muntfonds.
- (2) Daar word jaarliks in die Muntfonds gestort die helfte van die wins verkry uit die aanmunting by die munt van muntstukke wat vandaar vir gebruik in die Unie uitgegee is, en daardie deel van die wins verkry uit die aanmunting by die munt van tekenmuntstukke vandaar uitgegee vir gebruik in ander State, wat nie kragtens artikel *sewe* aan die Regerings van daardie State oorbetal word nie.
- (3) Ondanks die herroeping deur hierdie Wet van artikel twee van die Finansiële Reëlingswet, 1930, word al die gelde wat in die Muntfonds gestort en al die koste en tekorte wat daaruit bestry sou geword het as hierdie Wet nie ingevoer was nie, onderskeidelik in die fonds gestort en daaruit bestry.
- (4) Die gelde in die Muntfonds word bestee tot dekking—
 - (a) van die koste van hermunting van verslete tekenmuntstukke uitgegee deur die munt of die Pretoria-tak van die Koninklike Munt, en van wettig ingetrokke tekenmuntstukke; en

(b) any losses arising from the coining of coins issued for use in the Union.

(5) So much of the moneys in the Coinage Fund as the Minister may from time to time determine, not exceeding fifty per cent. thereof, shall be held in the form of coin, such coin to be taken at its face value. The balance of the moneys in the Coinage Fund shall be deposits as defined in the Public Debt Commissioners Act, 1911 (Act No. 18 of 1911).

(6) No moneys shall be withdrawn from the Coinage Fund, except on written order of the Treasury.

Persons employed at Pretoria Branch of Royal Mint to become employees of Union Government.

9. (1) All persons employed at the Pretoria Branch of the Royal Mint immediately before the commencement of this Act, who were then employees of the Government of the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland, shall at that commencement become employees of the Government of the Union.

(2) All posts in the mint shall, as soon as may be practicable after the commencement of this Act, be classified under section *one* of the Public Service Act, 1923 (Act No. 27 of 1923); and all persons (other than persons who elect under sub-section (1) of section *ten* of this Act to be retired), who in terms of sub-section (1) of this section become employees of the Government of the Union, and who at that commencement hold posts which are so classified as posts in the administrative, the clerical, the professional and technical or the general division of the public service, shall, notwithstanding any of the provisions of the Public Service Act, 1923, as amended, but subject to the provisions of this Act, be deemed to have become officers in the public service as from that commencement: Provided that whenever the question arises whether any person who under sub-section (1) of section *ten* has elected to have the conditions of his service determined as set forth in paragraph (a) of that sub-section should or should not be appointed on promotion or otherwise to any post in the mint, regard shall not be had to the fact that he is proficient in the use of only one of the official languages of the Union: And provided, further, that no person who has so elected shall, while holding any post in the mint, be liable to be transferred, except with his own consent, to any post other than a post in the mint.

(3) Except with his own consent, or in accordance with the provisions of any law, no person who has become an employee of the Government of the Union in accordance with the provisions of sub-section (1) shall be liable after the commencement of this Act to suffer any reduction—

(a) of his remuneration as it existed immediately before the said commencement; or

(b) of the scale according to which he was remunerated immediately before the said commencement as regards the maximum or the minimum of the scale or the rate of progression up the scale.

(4) The provisions of sub-section (3) shall not apply to any person who at the commencement of this Act is serving in any post on probation, unless his appointment to that post is confirmed in due course: Provided that if such appointment is not confirmed in due course, the person concerned shall not be liable to suffer any reduction—

(a) of the rate at which he was remunerated immediately before he was appointed on probation to that post; or

(b) of the scale according to which he was remunerated immediately before he was so appointed on probation, as regards the maximum or the minimum of the scale or the rate of progression up the scale.

(5) Any remuneration which is preserved to any person by sub-section (3) or (4) shall be deemed to be pensionable, with effect from the date from which it was enjoyed by that person.

Election as to conditions of service.

10. (1) Every person who in terms of section *nine* becomes an employee of the Government of the Union shall within one month after being called upon to do so by the Treasury, or within such further period as the Treasury may allow, state in writing that he desires—

(a) that the conditions of his service under the Government of the Union relating to leave (including sick leave), age of retirement and pension and other benefits payable to him on his retirement, or to his representatives or dependants on his death, shall subject to the provisions of section *eleven*, be determined in accordance with the laws in force in the United Kingdom and the practice thereunder of the Treasury of the United Kingdom applicable to him directly or by analogy immediately before the commence-

(b) van enige verliese wat ontstaan uit die aanmuntning van muntstukke uitgegee vir gebruik in die Unie.

(5) Soveel van die gelde in die Muntfonds as wat die Minister van tyd tot tyd mag vasstel, en wat nie vyftig persent daarvan te bowe gaan nie, word as muntgeld gehou, wat op die nominale waarde daarvan bereken moet word. Die balans van die geld in die Muntfonds is deposito's soos omskryf in die „Openbare Schuld Kommissarissen Wet, 1911” (Wet No. 18 van 1911).

(6) Geen gelde mag aan die Muntfonds onttrek word nie, behalwe op skriftelike las van die Tesourie.

9. (1) Alle persone wat onmiddellik voor die inwerking-treding van hierdie Wet by die Pretoria-tak van die Koninklike Munt in diens was, en toe beamptes was van die Regering van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland, word vanaf gemelde inwerkingtreding beamptes van die Unieregering.

Persone in diens by die Pretoria-tak van Koninklike Munt word beamptes van Unieregering.

(2) So gou doenlik na die inwerkingtreding van hierdie Wet, word alle betrekings in die munt kragtens artikel een van die „Staatsdiens Wet, 1923” (Wet No. 27 van 1923), geklassifiseer; en ondanks enige bepalinge van bedoelde Wet, maar behoudens die bepalinge van hierdie Wet, word alle persone (behalwe persone wat ingevolge sub-artikel (1) van artikel tien van hierdie Wet kies om afgedank te word) wat ingevolge sub-artikel (1) van hierdie artikel beamptes van die Unieregering word, en wat by bedoelde inwerkingtreding betrekkinge beklee wat aldus as betrekkinge in die administratiewe, die klerklike, die vakkundige en tegniese of die algemene afdeling van die staatsdiens geklassifiseer word, geag beamptes in die staatsdiens vanaf bedoelde inwerkingtreding te geword het: Met dien verstande dat wanneer die vraag ontstaan of iemand wat ingevolge sub-artikel (1) van artikel tien gekies het dat sy diensvoorwaardes bepaal word soos omskryf in paragraaf (a) van daardie sub-artikel, al dan nie aangestel behoort te word in een of ander betrekking in die munt, hetsy met of sonder bevordering, die feit dat hy slegs een van die offisiële tale van die Unie magtig is, nie in aanmerking geneem mag word nie: En met dien verstande, voorts, dat iemand wat aldus gekies het, nie daaraan onderhewig is, terwyl hy 'n betrekking in die munt beklee, om sonder eie toestemming oorgeplaas te word na 'n ander betrekking as 'n betrekking in die munt nie.

(3) Behalwe met eie toestemming, of behalwe volgens 'n wetsbepaling, is niemand wat ooreenkomstig die bepalinge van sub-artikel (1) 'n beampte van die Unieregering geword het, na die inwerkingtreding van hierdie Wet onderhewig nie aan 'n vermindering—

(a) van sy besoldiging soos dit was onmiddellik voor gemelde inwerkingtreding; of

(b) van die skaal van sy besoldiging soos dit was onmiddellik voor gemelde inwerkingtreding, wat betref die maksimum of die minimum van die skaal of die snelheid waarmee hy in die skaal bevorder word.

(4) Die bepalinge van sub-artikel (3) is nie van toepassing op iemand wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet 'n betrekking op proef beklee het nie, tensy sy aanstelling tot daardie betrekking mettertyd bevestig word: Met dien verstande dat as so 'n aanstelling nie mettertyd bevestig word nie, die betrokke persoon nie onderhewig word nie aan 'n vermindering—

(a) van die bedrag van sy besoldiging soos dit was onmiddellik voor hy op proef tot daardie betrekking aangestel was; of

(b) van die skaal van sy besoldiging soos dit was onmiddellik voor hy aldus op proef aangestel was, wat betref die maksimum of die minimum van die skaal of die snelheid waarmee hy in die skaal bevorder word.

(5) Die besoldiging wat sub-artikel (3) of (4) vir iemand behou, word geag pensioengewend te wees, met ingang vanaf die datum vanaf wanneer hy dit geniet het.

10. (1) Elkeen wat ingevolge artikel nege 'n beampte van die Unieregering word, moet binne een maand nadat hy deur die Tesourie daartoe aangesê word, of binne enige verdere termyn wat die Tesourie mag toelaat, skriftelik verklaar dat hy begerig is—

Keuse omtrent diensvoorwaardes.

(a) dat sy diensvoorwaardes onder die Unieregering betreffende verlof (siekteverlof inbegrepe), aftredingsouderdom en pensioen- en ander voordele wat aan hom by sy uitdiensttreding of aan sy verteenwoordigers of afhanklikes by sy dood betaalbaar is, bepaal moet word, met inagneming van die bepalinge van artikel elf, volgens die wetsbepalinge van krag in die Verenigde Koninkryk en die toepassing daarvan deur die Tesourie van die Verenigde Koninkryk wat regstreeks of vergelykenderwys onmiddellik voor die inwerkingtreding

ment of this Act, and that all other conditions of his service shall be determined in accordance with the provisions of the Public Service Act, 1923 (Act No. 27 of 1923), as amended; or

- (b) that all the conditions of his service under the Government of the Union shall, subject to the provisions of sections *eleven* and *twelve*, be determined in accordance with the provisions of the Public Service Act, 1923, as amended, and the Government Service Pensions Act, 1936 (Act No. 32 of 1936); or

- (c) that he be retired.

(2) Every person who fails to exercise the option given him by sub-section (1) shall be deemed to have elected to have all the conditions of his service determined as set forth in paragraph (b) of that sub-section.

(3) The conditions of service of any person who under sub-section (1) has elected, or who in terms of sub-section (2) is deemed to have elected, to have the conditions of his service determined as set forth in paragraph (a) or (b) of sub-section (1), shall, as from the commencement of this Act, be determined in accordance with the election so made or deemed to have been made by him.

(4) Every person who has elected under sub-section (1) to have the conditions of his service determined as set forth in paragraph (a) of that sub-section, and who, according to the laws in force in the United Kingdom applicable to him directly or by analogy immediately before the commencement of this Act, was then an unestablished officer, shall at all times after the commencement of this Act, for the purpose of determining the leave (including sick leave) to which he may be entitled, or the benefits payable to him on his retirement, or to his representatives or dependants on his death, be regarded as an unestablished officer, regardless of the post which he may hereafter occupy.

(5) Every person who elects under sub-section (1) to be retired, shall be retired on a date to be fixed by the Minister, and shall be deemed to be retired in consequence of the abolition of his office in the Pretoria Branch of the Royal Mint; and the amount of and the conditions attaching to the pension or other benefits payable to him on his retirement, or to his representatives or dependants on his death, shall be determined in accordance with the laws in force in the United Kingdom and the practice thereunder of the Treasury of the United Kingdom applicable to him directly or by analogy immediately before the commencement of this Act.

(6) If any person who in terms of section *nine* has become an employee of the Government of the Union dies or is retired before he has exercised the option given him by sub-section (1) or is deemed in terms of sub-section (2) to have made an election, the amount of and the conditions attaching to the pension or other benefits payable to him on his retirement, or to his representatives or dependants on his death, shall be determined in accordance with the laws in force in the United Kingdom and the practice thereunder of the Treasury of the United Kingdom applicable to him directly or by analogy immediately before the commencement of this Act.

(7) The election exercised by any person under this section shall not affect the applicability to him of the provisions of the Workmen's Compensation Act, 1934 (Act No. 59 of 1934), as amended.

Calculation of pensions and other benefits payable on retirement or death.

11. (1) For the purpose of determining the pension and other benefits payable to any person who becomes an employee of the Government of the Union in accordance with the provisions of section *nine* on his retirement, or to his representatives or dependants on his death, so much of the service of that person in the Pretoria Branch of the Royal Mint or under any other Government before the commencement of this Act as might, in accordance with the laws in force in the United Kingdom and the practice thereunder of the Treasury of the United Kingdom applicable to him directly or by analogy immediately before the commencement of this Act, have been reckoned as service for the purpose of the determination of such benefits as aforesaid, shall be regarded as service under the Government of the Union, and as continuous with his service under the Government of the Union after the commencement of this Act.

(2) For the purpose of determining the said pension or other benefits, the pensionable emoluments of any such person after the commencement of this Act shall, subject to the provisions of section *nine*, be taken into account.

Contributions by certain officers.

12. (1) No person who has become an employee of the Government of the Union in terms of section *nine*, and who, according to the laws in force in the United Kingdom and the

van hierdie Wet op hom van toepassing was, en dat al sy ander diensvoorwaardes bepaal moet word volgens die bepalings van die „Staatsdiens Wet, 1923” (Wet No. 27 van 1923), soos gewysig; of

- (b) dat al sy diensvoorwaardes onder die Unieregering bepaal moet word, met inagneming van die bepalings van artikels *elf* en *twaalf*, volgens die bepalings van die „Staatsdiens Wet, 1923”, soos gewysig, en die Regeringsdiens-Pensioenwet, 1936 (Wet No. 32 van 1936); of

- (c) dat hy afgedank word.

(2) Elkeen wat versuim om die keuse te doen wat sub-artikel (1) hom gee, word geag te gekies het dat al sy diensvoorwaardes bepaal word soos in paragraaf (b) van daardie sub-artikel omskryf.

(3) Die diensvoorwaardes van iemand wat ingevolge sub-artikel (1) gekies het, of wat volgens sub-artikel (2) geag word te gekies het, dat sy diensvoorwaardes bepaal word soos omskryf in paragraaf (a) of (b) van sub-artikel (1), word vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet bepaal ooreenkomstig die keuse wat hy aldus gedoen of geag word te gedoen het.

(4) Elkeen wat ingevolge sub-artikel (1) gekies het dat sy diensvoorwaardes bepaal word soos vermeld in paragraaf (a) van daardie sub-artikel, en wat, volgens die wetsbepalings van krag in die Verenigde Koninkryk wat regstreeks of vergelykenderwys onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet op hom van toepassing was, toe 'n „unestablished officer” was, word altyd na die inwerkingtreding van hierdie Wet, by bepaling van die verlof (siekteverlof inbegrepe), waarop hy geregtig mag wees, of die voordele wat aan hom by sy uitdienstreding of aan sy verteenwoordigers of afhanklikes by sy dood betaalbaar is, geag 'n „unestablished officer” te wees, afgesien van die betrekking wat hy hierna mag beklee.

(5) Elkeen wat ingevolge sub-artikel (1) kies om afgedank te word, word op 'n deur die Minister te bepale datum afgedank, en word geag afgedank te wees weens opheffing van sy betrekking aan die Pretoria-tak van die Koninklike Munt; en die bedrag van en die voorwaardes verbonde aan die pensioen- of ander voordele wat aan hom by sy uitdienstreding of aan sy verteenwoordigers of afhanklikes by sy dood betaalbaar is, word bepaal volgens die wetsbepalings van krag in die Verenigde Koninkryk en die toepassing daarvan deur die Tesourie van die Verenigde Koninkryk, wat regstreeks of vergelykenderwys onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet op hom van toepassing was.

(6) Indien iemand wat ingevolge artikel *nege* 'n beamppte van die Unieregering geword het, sterf of afgedank word voordat hy die keuse gedoen het wat sub-artikel (1) hom gee, of voordat hy volgens sub-artikel (2) geag word 'n keuse te gedoen het, word die bedrag van en die voorwaardes verbonde aan die pensioen- of ander voordele wat aan hom by sy uitdienstreding of aan sy verteenwoordigers of afhanklikes by sy dood betaalbaar is, bepaal volgens die wetsbepalings van krag in die Verenigde Koninkryk en die toepassing daarvan deur die Tesourie van die Verenigde Koninkryk, wat regstreeks of vergelykenderwys onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet op hom van toepassing was.

(7) Die keuse wat iemand ingevolge hierdie artikel doen, beïnvloed nie die toepaslikheid op hom nie van die bepalings van die Werksmense Skadeloosstelling Wet, 1934 (Wet No. 59 van 1934), soos gewysig.

11. (1) By bepaling van die pensioen- of ander voordele betaalbaar by sy uitdienstreding aan iemand wat volgens die bepalings van artikel *nege* 'n beamppte van die Unieregering word, of by sy dood aan sy verteenwoordigers of afhanklikes, word soveel van die diens van daardie persoon aan die Pretoria-tak van die Koninklike Munt of onder enige ander Regering voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, beskou as diens onder die Unieregering en as aaneenlopend met sy diens onder die Unieregering na die inwerkingtreding van hierdie Wet, as wat by die bepaling van die voordele soos voornoem as diens getel kon gewees het volgens die wetsbepalings van krag in die Verenigde Koninkryk en die toepassing daarvan deur die Tesourie van die Verenigde Koninkryk wat regstreeks of vergelykenderwys onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet op hom van toepassing was.

(2) Met inagneming van die bepalings van artikel *nege*, by bepaling van gemelde pensioen- of ander voordele word die pensioengewende verdienste van so iemand na die inwerkingtreding van hierdie Wet in aanmerking geneem.

12. (1) Niemand wat ingevolge artikel *nege* 'n beamppte van die Unieregering geword het, en wat, volgens die wetsbepalings van krag in die Verenigde Koninkryk en die toepassing daar-

Berekening van pensioen- en ander voordele betaalbaar by aftrede of dood.

Bydraes deur sekere beamptes.

practice thereunder of the Treasury of the United Kingdom applicable to him directly or by analogy immediately before the commencement of this Act, was then an established officer, shall, notwithstanding the fact that he has elected under sub-section (1) of section *ten* to have the conditions of his service determined as set forth in paragraph (b) of that sub-section, be required to contribute towards any pension or other benefits payable on his retirement or his death, in respect of any service before the commencement of this Act.

(2) No person who has elected or is deemed to have elected to have the conditions of his service determined as set forth in paragraph (b) of sub-section (1) of section *ten* shall be permitted to contribute to the Union public service pension fund or the Government employees' provident fund, but every such person shall pay to the Treasury from time to time, in respect of his service under the Government of the Union after the commencement of this Act, such sums of money as he would, in terms of the Government Service Pensions Act, 1936, have been required to contribute to one or other of those funds, if this section had not been passed: Provided that the rate at which such payments shall be made by any person referred to in sub-section (1) of this section who, if this section had not been passed, would have been required to contribute to the Union public service pension fund, shall be the rate at which he would have been required to contribute to that fund if at the commencement of this Act his age had been what it was at the commencement of the period of his service which in terms of sub-section (1) of section *eleven* is regarded as continuous with his service under the Government of the Union.

Membership of
Union Widows'
Pension Fund.

13. For the purposes of the provisions of the Government Service Pensions Act, 1936 (Act No. 32 of 1936), relating to the Union Widows' Pension Fund, the payments made to the Treasury under sub-section (2) of section *twelve* of this Act by any person who, if that section had not been passed, would have been required to contribute to the Union public service pension fund, shall be deemed to be contributions to the last-mentioned fund.

Agreement with
other Govern-
ments for con-
tributions towards
pensions.

14. The Minister may enter into an agreement with the Government of the United Kingdom or with any other Government or with the authority controlling any pension fund for a contribution by that Government or from that fund towards the pension or other benefits to which any person who has become an employee of the Government of the Union in terms of section *nine* may become entitled on his retirement, in respect of any service (other than service in the Pretoria branch of the Royal Mint) of any such person before the commencement of this Act.

Moneys received
in respect of
service of persons
entering service of
Union Govern-
ment to be paid
into revenue,
and pensions of
such persons and
pensions already
accrued to be paid
out of revenue.

15. (1) The Minister shall pay into the Consolidated Revenue Fund—

- (a) all moneys received under any agreement entered into in terms of section *fourteen*; and
- (b) all moneys paid to the Treasury in terms of section *twelve*.

(2) All payments of pension or other benefits (other than pension or other benefits which under the Government Service Pensions Act, 1936 (Act No. 32 of 1936), are payable from the Union Widows' Pension Fund) to which any person who has become an employee of the Government of the Union in terms of section *nine* is entitled on his retirement, or to which his representatives or dependants are entitled on his death, in respect of service in the Pretoria Branch of the Royal Mint or in the South African Mint, shall be made from the Consolidated Revenue Fund.

(3) All payments in respect of pension or other benefits on retirement awarded to any person prior to the commencement of this Act, which immediately prior to that commencement were being defrayed out of the yearly payments made in terms of section *one* of the Pretoria Mint Act, 1919 (Act No. 45 of 1919), shall be made from the Consolidated Revenue Fund.

Regulations.

16. The Governor-General may make regulations concerning the conduct of the business of the mint and the methods by which receipts and expenditure shall be accounted for, and prescribing all matters which it is necessary or convenient to prescribe for carrying out the purposes of this Act.

Repeal of laws.

17. (1) Royal Proclamation dated the fourteenth day of December, 1922, and called the Pretoria Mint Proclamation, 1922, is hereby annulled, in so far as its effect in the Union is concerned.

(2) The Pretoria Mint Act, 1919 (Act No. 45 of 1919), and sections *one* and *two* of the Financial Adjustments Act, 1930 (Act No. 34 of 1930), are hereby repealed.

Short title and
date of commence-
ment.

18. This Act shall be called the South African Mint Act, 1941, and shall come into operation upon a date to be fixed

van deur die Tesourie van die Verenigde Koninkryk, wat regstreeks of vergelykenderwys onmiddellik voor die inwerking-treding van hierdie Wet op hom van toepassing was, toe 'n „established officer” was, word verplig om, ten opsigte van enige diens voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, tot enige pensioen- of ander voordele betaalbaar by sy uitdiens-treding of sy dood, by te dra, ondanks die feit dat hy ingevolge sub-artikel (1) van artikel *tien* gekies het dat sy diensvoor-waardes bepaal moet word soos in paragraaf (b) van daardie sub-artikel vermeld.

(2) Niemand wat gekies het of geag word te gekies het dat sy diensvoorwaardes bepaal word soos omskryf in paragraaf (b) van sub-artikel (1) van artikel *tien*, word toegelaat om tot die Unie-staatsdienspensioenfonds of die Regeringswerknemers-ondersteuningsfonds by te dra nie, maar elke so iemand moet, ten opsigte van sy diens onder die Unieregering na die in-werkingtreding van hierdie Wet, aan die Tesourie van tyd tot tyd die geldbedrae betaal wat hy volgens die Regeringsdiens-Pensioenwet, 1936, aan die een of ander van daardie fondse sou moes bygedra het as hierdie artikel nie aangeneem was nie : Met dien verstande dat die skaal waarvolgens sulke betalings gemaak moet word deur iemand in sub-artikel (1) van hierdie artikel vermeld wat, as hierdie artikel nie aangeneem was nie, tot die Unie-staatsdienspensioenfonds sou moes bygedra het, die skaal is waarvolgens hy tot daardie fondse sou moes bygedra het as sy ouderdom by die inwerkingtreding van hierdie Wet gewees het wat dit was by die aanvang van daardie termyn van sy diens wat kragtens sub-artikel (1) van artikel *elf* as aaneenlopend met sy diens onder die Unieregering beskou word.

13. By die toepassing van die bepalings van die Regerings-diens-Pensioenwet, 1936 (Wet No. 32 van 1936), betreffende die Unie-weduweespensioenfonds, word die betalings aan die Tesourie ingevolge sub-artikel (2) van artikel *twaalf* van hierdie Wet deur iemand wat, as daardie artikel nie aangeneem was nie, aan die Unie-staatsdienspensioenfonds sou moes bygedra het, geag bydraes tot laasgenoemde fondse te wees.

Lidmaatskap van Unie-weduwees-pensioenfonds.

14. Die Minister kan met die Regering van die Verenigde Koninkryk of met 'n ander Regering of met die gesag wat 'n pensioenfonds kontroleer, 'n ooreenkoms aangaan dat daardie Regering of daardie fondse bydra tot die pensioen- of ander voordele waarop iemand wat ingevolge artikel *nege* 'n beampte van die Unieregering geword het, by sy uitdiens-treding ge-regtig mag word, ten opsigte van enige diens (behalwe diens aan die Pretoria-tak van die Koninklike Munt) van so iemand voor die inwerkingtreding van hierdie Wet.

Ooreenkoms met ander Regerings vir bydraes tot pensioene.

15. (1) Die Minister stort in die Gekonsolideerde Inkomste-fonds—

- (a) alle gelde wat volgens 'n kragtens artikel *veertien* aangegane ooreenkoms ontvang word ; en
- (b) alle gelde wat aan die Tesourie kragtens artikel *twaalf* betaal word.

Gelde ontvang ten opsigte van diens van persone wat in diens van Unie-regering tree, word in inkomste gestort, en pen-sioene van sulke persone en reeds opgeloopte pen-sioene word uit inkomste betaal.

(2) Alle betalings van pensioen- of ander voordele (behalwe pensioen- of ander voordele wat ingevolge die Regeringsdiens-Pensioenwet, 1936 (Wet No. 32 van 1936) uit die Unie-weduweespensioenfonds betaalbaar is) waarop iemand wat ingevolge artikel *nege* 'n beampte van die Unieregering geword het, by sy uitdiens-treding geregtig is, of waarop sy verteen-woordigers of afhanklikes by sy dood geregtig is, ten opsigte van diens aan die Pretoria-tak van die Koninklike Munt of aan die Suid-Afrikaanse Munt, word uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds gemaak.

(3) Alle betalings, ten opsigte van pensioen- of ander uitdiens-tredingsvoordele toegeken aan iemand voor die inwerking-treding van hierdie Wet, wat onmiddellik voor daardie in-werkingtreding bestry geword is uit die jaarlikse betalings kragtens artikel *een* van die „Pretoria Munt Wet, 1919” (Wet No. 45 van 1919), word uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds gemaak.

16. Die Goewerneur-generaal kan regulasies uitvaardig wat betref die bestuur van die munt se sake en die wyse waarop rekening van ontvangste en uitgawes gehou moet word, en wat voorskrywe alle aangeleenthede wat dit nodig of dienstig is om voor te skrywe ten einde die doeleindes van hierdie Wet uit te voer.

Regulasies.

17. (1) Koninklike Proklamasie gedagteken die vierde dag van Desember 1922, wat die „Pretoria Munt Proklamasie, 1922” heet, word hiermee opgehef vir sover dit in die Unie van krag is.

Herroeping van Wette.

(2) Die „Pretoria Munt Wet, 1919” (Wet No. 45 van 1919) en artikels *een* en *twee* van die Finansiële Reëlingswet, 1930 (Wet No. 34 van 1930) word hiermee herroep.

18. Hierdie Wet heet die Wet op die Suid-Afrikaanse Munt, 1941, en tree in werking op 'n datum deur die Goewerneur-

Kort titel en datum van in-werkingtreding.